

KLEREDRAG

Die Keetmanshoop Privaatskool is trots op die seuns en dogters wat hier skoolgaan en die naam van die skool hoog hou deur hulle voorkoms en gedrag. Wanneer 'n seun / dogter inskryf as leerling by KPS, onderskryf hy / sy daarmee die dissiplinêre kode van die skool.

Skoolklere word aangekoop by skool en Pep stores.

Skooldrag—vir Seuns:

Die volgende skooldrag word deur die Skoolkomitee aan seuns voorgeskryf:

Somersdrag:	Hemp	-	ligblou, kortmou met wapen (skool)
	Broek	-	grys, kort (Pep)
	Sokkies	-	grys (Pep)
	Skoene	-	swart, toeryg

Hierdie skooldrag is van toepassing op alle leerlinge vanaf Gr 1 tot Gr 12.

Wintersdrag:	Hemp	-	ligblou, langmou met wapen (skool)
	Broek	-	grys, langbroek (Pep)
	Sokkies	-	grys (Pep)
	Skoene	-	swart, toeryg
	Trui	-	KPS skooltrui (skool)
	Baadjie	-	navy blazer met wapen (skool)
	Das	-	navy en jade streep skooldas (skool)
		-	Jade met strepe vir Gr. 12 (skool)
	Serp	-	Jade KPS Serp (skool)

Hierdie skooldrag is slegs op Gr 8 tot Gr 12 van toepassing.

Gr 1 tot Gr 7—Grys langbroek, blou hemp, Navy KPS-“Drimac” of KPS trui.

Wintersdrag word gedra vanaf Mei tot Augustus elke jaar en Somersdrag vanaf Januarie tot April en September tot Desember.

Dogters:

Skooldrag:

Die volgende skooldrag word deur die Skoolkomitee aan dogters voorgeskryf:

Somersdrag:	Hemp	-	ligblou, kortmou met wapen (skool)
	Romp	-	navy (Pep)
	Sokkies	-	wit (Pep)
	Skoene	-	swart

Hierdie skooldrag is van toepassing op alle leerlinge vanaf Gr 1 tot Gr 12.

Wintersdrag:	Hemp	-	ligblou, langmou met wapen (Skool)
	Romp	-	navy (Pep)
	Langbroek	-	Grys langbroek (Pep)
	Skoene	-	swart
	Trui	-	KPS trui (Skool)
	Baadjie	-	navy met wapen (skool)
	Das	-	nyvy en jade streep skooldas (skool)
		-	Jade met strepe vir Gr. 12
	Serp	-	Jade KPS-serp (skool)

Hierdie skooldrag is slegs op Gr 8 tot Gr 12 van toepassing!

Gr 1 tot Gr 7 se Winterdrag is dieselfde, met Navy KPS-“Drimac” (skool) met KPS op rug en KPS trui aantrek.

SKOOLREËLS:

Reëls i.v.m. skoolbywoning:

Alle leerlinge moet stiptelik vir die eerste periode by hul klasse aanmeld;

Geen leerling mag die skoolgrond tydens skooltyd sonder toestemming verlaat nie
Afwesigheid by die skool is onaanvaarbaar tensy daar met die Hoof persoonlik
reëlins getref word

Afwesigheid by die skool is onaanvaarbaar behalwe in die geval van siekte of
skoolverwante aktiwiteite

Reëls i.v.m skoolwerk:

Daar word van leerlinge verwag om opdragte t.o.v. akademie getrou uit te voer
Daar word van leerlinge verwag om evaluering (toetse, eksamens ens.) ernstig te
benader

Afskrif van skoolwerk en oneerlikheid sal nie geduld word nie

Leerlinge moet die hoë standard wat by KPS gehandhaaf word, respekteer en
akademie as prioriteit beskou.

Leerlinge wat afwesig is dra self die verantwoordelikheid om verlore werk in te haal

Leerlinge wat afwesig is wanneer toetse geskryf word en nie 'n wettige verskoning
het nie, sal geen punte vir sodanige toetse kry nie.

Reëls i.v.m skooldrag:

Elke leerlinge sal skool bywoon ten volle geklee in die skooldrag soos voorgeskryf in
die prospectus

Elke leerling sal buitemuurse aktiwiteite bywoon ten volle geklee in die skool se
sportdrag

Skooldrag moet altyd netjies en skoon wees

Skoene moet elke dag netjies en skoon wees

Hemde moet ingesteek wees en NIE INGEVOU NIE ook naskool

Reëls van toepassing in die klaskamers:

Geen spelery word in klaskamers toegelaat nie

Indien 'n onderwyser nie in die klaskamer is nie, word daar van leerlinge verwag om
ordelik en bestendig met werk aan te gaan

Niemand mag voor skool of gedurende pouses in klaskamers wees nie
Klaskamers moet netjies agtergelaat word

Reëls tydens pouses:

Niemand mag in bome klim gedurende pouse nie
Niemand mag oor enige muur of draad klim gedurende pouse nie
Niemand mag op enige dak klim gedurende pouse nie
Geen leerlinge mag naby personeel se voertuie speel gedurende pouses nie
Afkouery / bakleiery sal nie geduld word nie
Niemand mag enige grote klip gooi nie
Geen tasse op stoepe word toegelaat nie
Geen leerlinge op kerkperseel tydens pouse nie en geen leerlinge in straat, voor
kantoor of voor die hek, of buite die skoolmure tydens pouse nie
Geen spelery op die stoepe tydens pouses nie

Reëls i.v.m. hygiene:

Leerlinge moet elke dag netjies en goed versorg vertoon
Toilette moet netjies en skoon gehou word

Reëls i.v.m. hare en naels:

Leerlinge se hare moet te alle tye netjies vertoon!
Seuns: Afdeling 7 van prospektus
Dogters: Afdeling 8 van prospectus
Die kleur van hare is verbode
Die kleur van naels is verbode
Dra van jel is nie toelaatbaar nie

Reëls i.v.m. juweliersware:

Seuns: Sien Afdeling 6 van die prospectus
Dogters: Sien Afdeling 7 van die prospectus

Reëls i.v.m. privaat eiendom:

Leerlinge mag onder geen omstandighede ander leerlinge se privaat eiendom beskadig nie

Leerlinge mag onder geen omstandighede die eiendom van die skool beskadig nie

Reëls i.v.m buitemuurse aktiwiteite:

Leerlinge moet altyd betyds wees vir die buitemuurse aktiwiteite waaraan hulle deelneem

Leerlinge woon buitemuurse aktiwiteite ten volle geklee in sportdrag by of in oefendrag soos deur die afrigter bepaal

Indien 'n leerling nie buitemuurse oefening kan bywoon nie, moet daar voor die tyd verskoning by die afrigter gemaak word

Leerlinge reël met afrigter indien 'n leerling laat of glad nie by 'n oefening kan opdaag nie.

Algemene Skoolreëls:

Geen vloekery of vuil taal sal geduld word nie

Diefstal van enige aard sal nie geduld word nie

Die besit of gebruik van dwelms sal nie geduld word nie

Die besit of gebruik van alcohol sal nie geduld word nie

Die besit of gebruik van sigarette sal nie geduld word nie

Die besit of gebruik van pornografie sal nie geduld word nie

Die besit of gebruik van enige gevaarlike wapen of voorwerp sal nie geduld word nie

Niemand mag in enige klas sit en eet nie

Geen kougom word nie toegelaat nie

Leerlinge moet te alle tye die regverdige gesag van prefekte aanvaar en eerbiedig

Leerlinge moet te alle tye die regverdige gesag en respek van onderwysers aanvaar en eerbiedig

Geen selfone word by die skool toegelaat nie

7. NET VIR SEUNS:

Die Keetmanshoop Privaatskool is trots op die seuns wat hier skoolgaan en die naam van die skool hoog hou deur hulle voorkoms en gedrag.

Wanneer 'n seun inskryf as leerling by KPS onderskryf hy daarmee die grondslag van die skool.

Daar word van elke seun verwag om:

- die beginsels waarop die skool gevestig is te alle tye uit te leef en 'n voorbeeld te wees vir mede-skoliere
- die beeld van die skool uit te dra en te bevorder
- bedagsaamheid te toon teenoor meerderes
- respek te betoon aan meerderes en onderwysers
- eiendom van die skool en ander instansies te respekteer en op te pas
- opdragte i.v.m. akademie getrou uit te voer
- billike opdragte buite akademiese verband na die beste van sy vermoë uit te voer
- skoolaktiwiteite by te woon ten volle geklee in sy skooldrag, tensy anders deur die Hoof bepaal word
- as 'n ware heer op te tree en ouer mense voor te laat stap en om op te staan wanneer 'n vrou instap
- medemense altyd vriendelik te groet

Reëls om netheid by seuns te bevorder:

- geen ander juweliersware as horlosies mag gedra word nie
- geen ander versiersels van enige aard mag gedra word nie

- hare moet te alle tye netjies vertoon. Kort om die ore, nek en bo op kop nie langer as 3 vingers nie. Steps, gekleurde hare en wangbaarde is onaanvaarbaar
- stoppelbaarde word nie toegelaat nie
- naels moet kort en skoon wees
- kougom-kou is nie aanvaarbaar nie
- rook is verbode
- die besig of gebruik van dwelms is verbode
- die besit of gebruik van pornografie is verbode
- belde van broeke mag slegs gewone leerbelde wees

Hierdie reëls is nie daargestel om jou as individu in te perk nie, maar eerder om die man in jou in totaliteit te ontwikkel en te lei.

In die Keetmanshoop Privaatskool werk ons graag met ware manne, manne na God se hart!

8. NET VIR ONS DOGTERS:-

Die Keetmanshoop Privaatskool is trots op die dogters wat hier skoolgaan en die naam van die skool hoog hou deur hulle voorkoms en gedrag.

Wanneer 'n dogter inskryf as leerling by KPS onderskryf sy daarmee die grondslag van die skool.

8.1 Daar word van elke dogter verwag om:

- die beginsels waarop die skool gevestig is te alle tye uit te leef en 'n voorbeeld te wees vir mede-skoliere

- die beeld van die skool uit te dra en te bevorder
- bedagsaamheid te toon teenoor meerderes
- respek te betoon aan meerderes en onderwysers
- eiendom van die skool en ander instansies te respekteer en op te pas
- opdragte i.v.m. akademie getrou uit te voer
- billike opdragte buite akademiese verband na die beste van haar vermoë uit te voer
- skoolaktiwiteite by te woon ten volle geklee in haar skooldrag, tensy anders deur die Hoof bepaal word

8.2 Reëls om netheid by dogters te bevorder:

- geen ander juweliersware as horlosies en oorknoppe / ooringetjies van silwer of goud mag gedra word nie
- geen grimering mag saam met skooldrag gedra word nie
- hare moet te alle tye netjies vertoon. Kuif mag nie oor die oë hang nie. Hare word vasgemaak as dit aan die kraag begin raak. Hare mag nie gekleur of gegolf word nie
- Haarknippe, strike en bande moet donkerblou, wit of swart wees
- Naels moet kort en skoon wees. Naellak is nie aanvaarbaar nie
- Kougom-kou is nie aanvaarbaar nie
- Rook is verbode
- Die besit of gebruik van dwelms is verbode
- Die besit of gebruik van pornografie is verbode
- Romplengte mag nie hoër as vier vingers bo die knie wees nie

Hierdie reëls is nie daargestel om jou as individu in te perk nie, maar eerder om die vroulikheid in jou in totaliteit te ontwikkel en te lei.

In die Keetmanshoop Privaatskool werk ons graag met mooi opgevoede vroue, vroue na God se hart!

9. DISSIPLINÊRE KODE VAN DIE KEETMANSHOOP PRIVAATSKOOL:

Dissiplinêre stappe teenoor 'n leerling wat hom skuldig maak aan wangedrag lees soos volg:-

- Fase 1 : Dissiplinêre register
- Fase 2 : Finale waarskuwing
- Fase 3 : Tydelike Skorsing – 10 skooldae
- Fase 4 : Tydelike Skorsing – 20 skooldae
- Fase 5 : Permanente Skorsing

Die Skoolraad is die liggaam wat optree as Tugkomitee.

Elke dissiplinêre geval word op meriete hanteer en dit kan gebeur dat die Skoolraad besluit om sekere fases oor te slaan na gelang van die graad van oortreding.

Hier volg dan 'n bonkige verduideliking van wat elke fase mag beteken en die konsekwensies wat dit vir die betrokke leerling mag inhou.

Fase 1 : Dissiplinêre Register:

1. Die Hoof hou 'n dissiplinêre record van elke leerling in die kantoor. Die datum van die oortreding word noukeurig aangeteken, asook die aard van die oortreding. 'n Gepaste korrektiewe optrede word aan die leerlinge gegee in lyn met die aard van die oortreding.
2. Met 'n tweede oortreding wat in die dissiplinêre register opgeskryf word, word die leerling se ouers skriftelik daarvan verwittig.
3. Met die vierde oortreding wat in die dissiplinêre register opgeskryf word, word die leerling se ouers skriftelik verwittig om 'n afspraak met die Hoof te maak. Hierdie afspraak word aan die Skoolraad rapporteer.
4. Leerlinge wat vir twintig skooldae na die laaste inskrywing in die dissiplinêre register geen verdere oortreding began nie, kan met 'n skoon record begin binne die diskresie van die Skoolhoof.

Fase 2: Finale Waarskuwing:

1. Indien 'n leerling 'n verdere oortreding began, selfs nadat die Skoolhoof 'n afspraak met die leerling se ouers nagekom het, sal sodanige leerling 'n skriftelike, finale waarskuwing van die Skoolhoof ontvang.
2. Die leerling se ouers sal hierdie skriftelike waarskuwing saam met die leerling erken deur dit te teken.
3. Die Skoolhoof rapporteer hierdie optrede aan die Skoolraad.
4. Leerlinge wat vir veertig skooldae na die uitreiking van sodanige skriftelike record geen verdere oortredings began nie, kan met 'n skoon record begin binne die diskresie van die Skoolhoof.

Fase 3: Tydelike Skorsing – 10 dae:

1. Indien 'n leerling egter voortgaan om dissiplinêre probleme te gee, selfs nadat sodanige leerling 'n finale skriftelike waarskuwing ontvang het, word sodanige leerling se oortredings voor die Dagbestuur gelê.
2. Na gelang van die oortreding kan die Dagbestuur hierdie leerling tydelik skors tot 'n maksimum van tien skooldae.
3. Leerlinge wat vir een skooltermyn na die tydelike skorsing van tot tien dae geen verdere oortreding began nie, kan met 'n skoon record begin binne die diskresie van die
4. Skoolhoof.

Fase 4: Tydelike Skorsing – 20 dae:

1. Indien 'n leerling egter voortgaan om dissiplinêre probleme te gee, selfs nadat sodanige leerlinge vir 'n tydperk tot en met tien skooldae tydelik geskors is, word sodanige leerling se oortredings weer voor die Dagbestuur gelê.
2. Na gelang van die oortreding kan die Dagbestuur hierdie leerling tydelik skors tot 'n maksimum van twintig skooldae.
3. Leerlinge wat vir twee skooltermyne na die tydelike skorsing van tot twintig dae geen verdere oortredings began nie, kan met 'n skoon record begin, binne die diskresie van die Skoolhoof.

Fase 5 : Permanente Skorsing:

1. Indien 'n leerling egter voortgaan om dissiplinêre probleme te gee, selfs nadat sodanige leerling vir 'n tydperk tot en met twintig skooldae tydelik geskors is, word sodanige leerling se oortreding voor die Skoolraad gelê.
2. Die Skoolraad hanteer elke dissiplinêre saak op meriete, maar is by magte om 'n leerling permanent te skors.

Dit is belangrik dat ouers en leerlinge besef dat 'n leerling aan 'n korrektiewe stelsel onderwerp word, wat die leerling wil lei om sy eie wangedrag te besef en reg te stel.

Elke leerling word as 'n individu op meriete hanteer.

Wanneer 'n leerling hom egter skuldig maak aan wangedrag in die ergste graad, is die Skoolhoof by magte om sodanige leerling soos volg te hanteer:

ERGE WANGEDRAG:

1. Wanneer 'n leerling skuldig bevind word aan erge wangedrag kan sodanige leerling dadelik voor die Skoolraad verskyn wat dan sal optree as Tugkomitee.

2. Die Skoolraad is in sy hoedanigheid as Tugkomitee by magte om enige fase van die dissiplinêre kode te implimenteer.

3. Die volgende oortredings word beskou as oortredings in die ergste graad:

- Besit of gebruik van sigarette
- Besit of gebruik van alkohol
- Besit of gebruik van dwelms
- Besit of gebruik van pornografie
- Arrestasie deur die Polisie
- Gewelddadige optrede by skoolfunksies
- Gewelddadige optrede buite skool verband terwyl leerling nog in skooldrag is
- Brutale, arrogante / astrante optrede teenoor enige personeellid van hierdie skool
- Herhaalde afwesigheid sonder enige verskoning vanaf die skool wat aanleiding gee tot onderprestasie
- Enige kriminele optrede.
- Optrede wat kan lei tot 'n swangerskap.